

"Die werk van julle geloof"

Geloof is meetbaar. Jakobus skryf dat jou geloof in jou dade sigbaar sal wees (Jak 2:17-18). Paulus praat hier in 1 Tessalonisense 1:3 nie net van die geloof van die gelowiges in Tessalonika nie, maar wel van "die werk van julle geloof". Dit wat ons diep binne in ons glo word sigbaar in ons werke, woorde, dade en optrede. Deur 'n krisis in ons lewe word verder sigbaar waarop en op wie ons ons vertrou stel.

Die gemeente van Tessalonika is in 'n krisistyd gebore. Ons lees (Hand 17) dat die gemeentetjie skaars drie weke oud was toe gewelddadige teenstand teen haar begin losbars het. Paulus moes hulle net so los en pad gee.

Hierdie mense, skaars drie weke of selfs korter Christene, moes kies. Hulle moes of ophou kerk wees (hulle nuwe geloof laat vaar), of dag vir dag en oomblik vir oomblik op die God wat hulle pas leer ken het vertrou. Hierdie groepie nuwe gelowiges het gekies om God te vertrou met hulle lewe en oorlewing. Ons lees dat hulle - selfs in nood - ook na ander omgesien het.

Ons weet hoe maklik 'n mens kleingelowig kan word. Deur die genade van die Here kon hierdie nuwe gelowiges van Tessalonika só op die Here vertrou dat Paulus God loof oor die werk van hulle geloof. Ondanks hulle moeilike omstandighede het hulle werk en optrede as gelowiges selfs op ander plekke bekend geword en gelowiges daar geïnspireer.

Laat ons ook altyd onthou dat 'n mens se geloofsvoorbeeld ander inspireer. Mag ons geloof, ons ken van en vertrou op die Here, ons vandag die krag gee om ons geloof sigbaar uit te leef.